HOOFSTUK 6: PENKOPPE EN DRAWWERTJIES

1. INLEIDING

Penkoppe en Drawwertjies is jeuglede van *Die Voortrekkers* soos in hoofstuk 3 van die reglemente omskryf.

2. ALGEMEEN

2.1 Spanstelsel

2.1.1 *Die Voortrekkers* gebruik die spanstelsel vir die uitvoering van sy werksaamhede. Dit beteken dat 'n aantal jeuglede (verkieslik in dieselfde skool graad en van dieselfde portuurgroep) in 'n span ingedeel word wat saam met 'n volwassene (as 'n spanoffisier) die voorgeskrewe werk deur gereelde (verkieslik weeklikse) spanbyeenkomste afhandel. Die stelsel het die voordeel dat die Penkoppe en Drawwertjies in klein groepies die geleentheid kry om mekaar te vorm en om vrymoedigheid tot deelname te oefen.

2.1.2 Indien ‘n jeuglid buite die onmiddelike grense van ‘n Voortrekkerkommando met sy Voortrekkerwerk wil voortgaan moet dit geskied ooreenkomstig die bepalings in hoofstuk 19 van die reglemente.

2.2 Voorgeskrewe werk vir Penkoppe en Drawwertjies:

2.2.1 *Graadwielwerk*

Dit is werk wat elke jaar afgehandel moet word om die Penkop en Drawwertjie te lei dat hy aan die einde van sy Penkop- en Drawwertjieloopbaan grootliks voldoen aan die doelstellings wat deur *Die Voortrekkers* gestel word.

2.2.2 *Spesialisasies*

Dit is werk wat bo en behalwe en aanvullend tot die graadwielwerk gedoen kan word om aan die Penkop en Drawwertjie die geleentheid te bied om te spesialiseer in 'n onderwerp binne sy belangstellingsveld, maar steeds binne die raamwerk van die doelstellings van *Die Voortrekkers*.

2.3 Literatuur

2.3.1 *Handleiding vir offisiere*

Daar is vir elke jaar 'n graadwielboek vir die spanoffisier beskikbaar. Dit bevat al die inligting wat die spanoffisier nodig het om die verskillende onderwerpe in die betrokke jaar aan te bied. .

2.3.2 *Werkboek vir Penkoppe en Drawwertjies*

Daar is ook 'n *Werkboek* vir elke jaar beskikbaar. Dit bevat die werk wat elke Penkop en Drawwertjie moet deurwerk vir die suksesvolle voltooiing van die loopbaanplan.

2.3.3 *Spesialisasies vir Penkoppe en Drawwertjies*

Dit bevat die vereistes vir elke spesialisasie, asook riglyne en hulpmiddels wat vir die aanbieding daarvan gebruik kan word.

2.3.4 *Ondersteuningsboek vir Penkop en Drawwertjie offisiere.*

Hierdie is ‘n “naslaan- en opleidingsboek” vir die Penkop en Drawwertjie spanoffisier.

2.4 Assessering

Elke kommando bepaal die manier waarop die Penkop en Drawwertjie se graadwielwerk en spesialisasies geassesseer word aan die hand van die riglyne soos in hoofstuk 10 van die reglemente omskryf.

2.5 Inlywing

2.5.1 'n Penkop en 'n Drawwertjie kan aan die begin van enige jaar as lid van *Die Voortrekkers* aansluit.

2.5.2 Die afdeling oor Inlywing in die Handleiding en Werkboek moet met elke nuwe Penkop en Drawwertjie deurgewerk word voordat hy ingelyf kan word.

2.6 Erkenning dat 'n kenteken vir ‘n Spesialisasie verwerf is

Die kommando of ander betrokke liggaam reik aan elke Penkop of Drawwertjie 'n sertifikaat en kenteken uit nadat hy aan die vereistes vir die betrokke Spesialisasie voldoen het. Die

kenteken word op die voortrekkerdrag aangebring soos in hoofstuk 26 van die reglemente, bepaal.

3 GRAADWIELWERK VIR PENKOPPE EN DRAWWERTJIES

3.1 Indeling van graadwielwerk

Die Penkop- en Drawwertjie-werk word in grade verdeel en by die voltooiing van elke jaar se werk, verwerf hulle ‘n graadwiel wat volgens die voorskrifte soos in Hoofstuk 26 op die erkenningsbaadjie aangebring word.

Graadwiel	Graad in skool	Toekenning
0	Graad 0	Graadwiel - wit
1	Graad 1	Graadwiel - oranje
2	Graad 2	Graadwiel - groen
3	Graad 3	Graadwiel - blou
4	Graad 4	Graadwiel - rooi
5	Graad 5	Graadwiel - silwer
6	Graad 6	Graadwiel - goud
7	Graad 7	Dagbreek Graadwiel

Die vereistes vir elke jaar word behoorlik in die literatuur wat deur die Nasionale komitee Penkoppe en Drawwertjies saamgestel word omskryf.

'n Penkop en Drawwertjie kan op enige tydstip aansluit en met die graadwielwerk wat vir die betrokke jaar voorgeskryf is begin.

3.2 Spesiale toekennings

3.2.1 In sy graad 7-jaar kan 'n Penkop en Drawwertjie wat aan die vereistes voldoen, in aanmerking kom vir die *Voorslag-Penkop en Drawwertjietoekenning Brons, Silwer of Goud.* Die vereistes word in onderstaande tabel uiteengesit.

	BRONS	SILWER	GOUD	BONUSPUNTE
1	Diensjare – gr 7	Diensjare – 2 jaar plus gr 7 (gr 4 tot gr 7)	Diensjare – 2 jaar plus gr 7 (gr 4 tot gr 7)	**Bepalende vereiste: 4 of meer jaar diens**
2	Al die werk in die graad 7 Werkboek suksesvol voltooi het	Al die werk in die graad 7 Werkboek suksesvol voltooi het	Al die werk in die graad 7 Werkboek suksesvol voltooi het	
3	Twee spesialisasies verwerf het. Slegs een mag ‘n A gradering hê.	Ses spesialisasies tussen graad 4 en graad 7 verwerf het waarvan **minstens** een ‘n C of D gradering het en slegs een as A gegradeer is.	Ses spesialisasies tussen graad 4 en graad 7 verwerf het waarvan **minstens** een ‘n C of D gradering het en slegs een as A gegradeer is.	Agt spesialisasie tussen graad 4 en graad 7 verwerf het waarvan **minstens** een ‘n C of D gradering het en slegs een as A gegradeer is.
4	Minstens een “Belofte” spesialisasie. Afrikanerkind, Erfgrond, Medemens of Godsdiens.	Minstens een “Belofte” spesialisasie. Afrikanerkind, Erfgrond, Medemens of Godsdiens.	Minstens een “Belofte” spesialisasie. Afrikanerkind, Erfgrond, Medemens of Godsdiens.	Minstens **twee** “Belofte” spesialisasie en ‘n taak van elk. Afrikanerkind, Erfgrond, Medemens of Godsdiens.

	BRONS	SILWER	GOUD	BONUSPUNTE
6	As Seremonieleier kan optree tydens vlaghysing, vlagstryking, vlagpresentering en vlagverwydering. Ook in staat wees om bevele, as lid van die groep, tydens bogenoemde seremonies te kan uitvoer.	As Seremonieleier kan optree tydens vlaghysing, vlagstryking, vlagpresentering en vlagverwydering. Ook in staat wees om bevele, as lid van die groep, tydens bogenoemde seremonies te kan uitvoer.	As Seremonieleier kan optree tydens vlaghysing, vlagstryking, vlagpresentering en vlagverwydering. Ook in staat wees om bevele, as lid van die groep, tydens bogenoemde seremonies te kan uitvoer.	
7	Leiding kan neem by groepspele	Leiding kan neem by groepspele	Leiding kan neem by groepspele	
8	Leiding kan neem by groepsang	Leiding kan neem by groepsang	Leiding kan neem by groepsang	
9	Leiding kan neem binne sy portuurgroep tydens gesprekke oor situasies binne sy ervaringsveld	Leiding kan neem binne sy portuurgroep tydens gesprekke oor situasies binne sy ervaringsveld	Leiding kan neem binne sy portuurgroep tydens gesprekke oor situasies binne sy ervaringsveld	
10	Die Voorslagkamp bywoon	Die Voorslagkamp bywoon	Die Voorslagkamp bywoon	
11	Beskik oor volledige Voortrekkerdrag (aktief en formeel).	Beskik oor volledige Voortrekkerdrag (aktief en formeel).	Beskik oor volledige Voortrekkerdrag (aktief en formeel).	
12	Moet ‘n werkstuk oor die Belofte Spesialisasie, soos voorgeskryf, inhandig en vrae daaroor kan beantwoord	Moet ‘n werkstuk oor die Belofte Spesialisasie, soos voorgeskryf, inhandig en vrae daaroor kan beantwoord	Moet ‘n werkstuk oor die Belofte Spesialisasie, soos voorgeskryf, inhandig en vrae daaroor kan beantwoord	
13	Kwalifisering – 50%	Kwalifisering – 65%	Kwalifisering – 85%	Kwalifisering – 85%

3.2.2 Let op dat die getroue Voortrekker bonuspunte kan verdien. Bonuspunte word slegs gegee wanneer die kandidaat 4 of meer jaar diens het. Dit is die bepalende vereiste en daarna kan bonuspunte ook op die ander genoemde afdelings toegeken word. Die bonuspunte soos dit in die table opgeneem is kan dus tel vir brons, silwer en goud.

3.2.3 Prosedure vir inskrywing

Die volgende prosedure word gevolg om kandidate vir die toekenning in te skryf:

a) Die spanoffisier bepaal aan die begin van die jaar watter kandidate moontlik kan kwalifiseer.
b) Die spanoffisier sien toe dat die kandidate as lede geregistreer is en die ledegeld vir die betrokke jaar by die kommando betaal.
c) Die spanoffisier sien toe dat daardie kandidate aan al die vereistes voldoen.
d) Die spanoffisier verkry aan die begin van die jaar die beplande datum waarop die Voorslagkampe plaasvind en stel die spanjaarprogram aan die hand daarvan op.
e) Die spanoffisier behandel die voorgeskrewe graadwielwerk deeglik en volledig.
f) Die spanoffisier skep voldoende geleenthede vir die inoefening van die praktiese vereistes.

g) Kandidate wat aan die voorgeskrewe vereistes voldoen word toegelaat om vir die voorslagkamp in te skryf.
h) Die kommando skryf die kandidaat wat kwalifiseer betyds en op die voorgeskrewe aansoekvorm in. Heg ook die sertifikate soos vereis aan.

3.2.4 Uitslae

a) Die uitslae is finaal en geen aanpassings word gedoen nie.
b) Al die kandidate wat die vasgestelde slaagsyfer behaal het ontvang die toekenning in Brons, Silwer of Goud.
c) Die betrokke gebiedsdagbestuur bemagtig die Voortrekkerkommando om hierdie toekenning aan die Penkop of Drawwertjie by spesiale geleenthede te maak onderworpe aan bepaling in hoofstuk 11 paragraaf 2.5 van die reglemente.

4. SPESIALISASIES

4.1 'n Penkop en Drawwertjie kan op enige stadium vanaf graad 1 spesialisasies doen, onderworpe aan die graad en tydsduur vereistes wat vir elke spesialisasie voorgeskryf is.

4.2 Die spesialisasie word deur tydsduur en moeilikheidsgraad geklassifiseer.

4.3 Spesialisasies is opgestel om by die kind se ontwikkelingsvlak aan te pas.

4.4 Penkoppe en Drawwertjies kan hulle keuse uit enige van die spesialisasies vir die betrokke jaar maak. By die keuse van ‘n Spesialisasie, hou in gedagte die vereistes wat vir die Voorslag-Penkop en -Drawwertjie toekenning gestel word. In uitsonderlike gevalle kan hoogstens twee spesialisasies uit die vorige ouderdomsgroep gedoen word.

4.5 Die tydsduur van spesialisasies is as volg: Die tyd wat aangedui word is die minimum aantal kursusure en meer tyd kan spandeer word.

A is 5 ure
B is 9 ure
C is 18 ure
D is ‘n spesialisasie wat oor ‘n kwartaal of langer afgehandel kan word. Dit is gewoonlik die spesialisasie waar sekere vaardighede of langtermyn opnames vereis word.
Sien betrokke bylaag vir klassifisering.

4.6 Die Spesialisasie kan óf individueel óf in groepverband afgehandel word.

4.7 ‘n Verkennerspesialisasie kan deur ’n graad 7 jeuglid gedoen word na afhandeling van die betrokke gebied se Voorslag Penkop- en Drawwertjiekamp tot ’n maksimum van twee spesialisasies vir die oorblywende deel van die jaar maar die toekenning kan eers verwerf word nadat die betrokke jeuglid geregistreer is as Verkenner in die daaropvolgende jaar.